NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 17 – Uitgawe 2

8 Februarie 2024

# Kinderversorging 100 jaar

**Ek beleef die voorreg om reeds 33 jaar lid van die Kinderhuisdireksie te kan wees. Tydens my eerste vergadering, 1990, het ek gevra: *Waarom moet ons kinders versorg wat glad nie eens deel van ons Kerk is nie?* Ds Gert van Staden het my kortliks geantwoord: *Hulle is die Here se kinders.* Dit was deur die jare heen antwoord genoeg vir my om steeds met die Kerk se versorging van kinders besig te bly.**

Van die begin af was die doelstellings vir ’n kinderhuis baie duidelik. Dit moes ’n vaste en doelgerigte bedoeling hê om aan kinders ’n huis te bied met normale en gewone versorging. Hierdie kinders is in hoofsaak weeskinders, asook verwaarloosde en sorgbehoewende kinders. Hulle moet so versorg word dat hulle dankbare gelowiges sal wees, sorgbehoewendheid sal oorbrug en ’n goeie, gelukkige lewe sal lei.

Die Algemene Kerkvergadering het gedurende 1922 besluit om ’n weeshuis te vestig. Die Algemene Kommissie sou as ledevergadering die verslae behandel en direksielede benoem. Die eerste direksielede was di Jac van Belkum, AJ Bager en PS Grobler.

In 1923 is ’n huis in Krugersdorp gekoop waarin vyf kinders onmiddellik opgeneem is. Dit is De Nederduitch Hervormde Weeshuis genoem. Gedurende 1940 is die Jac van Belkum-kinderhuis gebou, net ses huise – drie vir seuns en drie vir dogters. Hierdie kinderhuis het so uitgebrei dat daar 134 kinders in 1994 versorg is. Mnr Jan Oberholzer was die laaste prinsipaal.

In 1946 is die Andries Hendrik Potgieter-huis gevestig in Malherbestraat, Capital Park, Pretoria. Dit is gedurende 1984 deur die NHSV gekoop en bedryf. Voorskoolse en laerskoolkinders in daar opgeneem – selfs ook kinders uit die gemeenskap, op daaglikse basis. Mev Marié Oosthuizen het gedurende 1961 langs die AH Potgieter-gebou begin met die Tinktinkie-kleuterskool. Hulle het selfs ’n eie skoollied gesing. Daar was ook ’n Voortrekkerkommando, elkeen met ’n uniform deur die NHSV voorsien. Die direksie het beheer gehad, maar die Opvoedkundige Komitee het bestaan uit predikantsvroue. Hierdie praktyk het in 1987 tot ’n einde gekom en die kinders is oorgeplaas na die kinderhuis in Middelburg. Die NHSV is egter steeds betrokke by die werksaamhede van die DPS-huise.

Intussen is daar ook gedurende1987 die Prinsloo-satelliethuis in Rustenburg gevestig.

Gedurende 1988 is die Albert Herbst-kinderhuis, met tien huise, in Middelburg in gebruik geneem met mnr Daan Walker as prinsipaal. Besonders was dié kleuterhuis met ’n baba, Linda, van agt maande oud.

Daar was egter ook sakebedrywe: die Nederduitsch Hervormde Weeshuis (NHW) Bouers en die NHW Pers. Die NHW Bouers het tot stand gekom gedurende 1950. Mnr Arie van Deft was die bestuurder tot 1976. Die NHW Bouers het in hoofsaak kerke en pastorieë gebou. Die meeste kerke is ontwerp deur die argitekte Hendrik Vermooten en Japie Bosman. Die eerste kerkgebou is vir Gemeente Vliegepoort in Thabazimbi gebou. Die pastorie van Krugersdorp-Noord was ook een van hul projekte. Baie van die seuns is opgelei as vakmanne in die boubedryf. Hierdie bouersbedryf het egter in 1976 tot ’n einde gekom.

Die ander sakebedryf was die NHW Pers, ’n initiatief van mnr AB van N Herbst, vanaf November 1948. Een van die doelstellings was dat weeshuiskinders ook in hierdie bedryf opgelei sou word. Die verdere bedoeling was dat die Kerk selfonderhoudend sou wees. Vanaf Mei 1950 is *Die Hervormer* self gedruk, daarna ook die *Almanak*. Vanaf 1957 is Hollandsch-Afrikaansche Uitgeversmaatschappij (HAUM) as boekwinkels bedryf in Lynnwoodweg, Rissikweg, in die Genl Pretoriusgebou in Paul Krugerstraat en vanaf 1964 ook in Stellenbosch, en teologiese boeke is versprei. In die 1970’s is veral gefokus op die akademiese en die kindermark. In 1992 het die Raad van Finansies besluit om NHW Pers se bedryf te sluit. (Volledige artikel hieroor in *Konteks* Augustus 2002, deur prof JP Oberholzer.)

Gedurende 1996-’97 is die kinderhuise gesluit. Dit was die begin van die Diakonale Pleegsorgsisteem, kortweg die DPS-huise. Dit is egter ’n geskiedenis met ’n eie aard.

**Ds Kalla Fourie**
**Emeritus en direksielid van NHKA Kinderhuise**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.


# Lief en leed



Ds Gert van der Merwe

- Dr Carel Botma se vader, **Tak Botma** (93), het bloeding onder die skedel opgedoen na 'n val. Hy het op Dinsdag 6 Februarie 'n operasie ondergaan. Ons bid mnr Botma spoedige beterskap toe, en baie sterkte vir die gesin.

- **Ds Gert van der Merwe** (emeritus) is in die intensiewesorgeenheid opgeneem nadat hy 'n operasie ondergaan het. Hy is steeds baie siek, maar is intussen uit die hospitaal ontslaan en in 'n *step down*-kliniek opgeneem. Ons bid hom spoedige beterskap toe en baie sterkte vir hom en sy vrou, Delana.



Ds Theuns Snyman

- **Ds Theuns Snyman** (emeritus) se gesondheid gaan vinnig agteruit en hy is in 'n versorgingseenheid in Potchefstroom opgeneem. Ons bid hom die Heer se bystand toe in hierdie moeilike tyd.

- Dit gaan tans redelik met **dr Willie Strydom** (emeritus) en hy sien binnekort 'n onkoloog om die moontlikheid van chemoterapie te bespreek. Ons bid hom en sy vrou, Erika, baie sterkte toe.



Dr Willie Strydom

- Dr Sanrie de Beer se vader, **oudl Dawie Smith** van Rustenburg, ervaar tans ernstige gesondheidsprobleme. Hy het 'n voetoperasie ondergaan en 'n pasaangeër gekry, en dit gaan nie goed met hom nie. Ons bid hom beterskap toe en sterkte vir sy familie.

- **Ds Hannes van der Merwe** van Pretoria-Oos **se skoonvader** is nou al meer as ses weke lank ernstig siek in die intensiewesorgeenheid van 'n hospitaal in Rustenburg. Ons bid hom en sy naasbestaandes die Heer se onderskraging toe in hierdie moeilike tyd.

- Dit gaan tans goed met **ds Leon Geel (sr)** van Grimbeekpark nadat hy behandeling ontvang het vir kanker.



Ds Leon Geel (sr)

- **Prof Rudy Denton** van Potchefstroom-Studente is vanaf 1 Februarie 2024 aan die Noordwes-Universiteit aangestel as medeprofessor in Praktiese Teologie. Hy behou steeds ampsvoorreg as predikant van die Kerk, en dien steeds as addisionele predikantslid van die Kommissie van die AKV.

- **Dr Antionette Janse van Rensburg** van Montana is pas deeltyds aangestel in die pos in die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Fakulteit Teologie aan UP. Haar aanstelling is tans deeltyds vir die duur van 2024. Sy sit haar werk as deeltydse predikant van Gemeente Montana voort.



Prof Rudy Denton

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 Februarie, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 8 Februarie: Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg (67) (emeritus/Paarl)
  - Vrydag 9 Februarie: Di D (Dolf) Bester (35) (ampsvoorreg/nie-diensdoende), IF (Erika) Ferreira (33) (ampsvoorreg/nie-diensdoende), LH (Lydia) Miller (52) (Villiers), F (Ferdie) Nortjé (61) (siekte-emeritaat) en F (Freddie) Nortjé (61) (emeritus/Bergsig)
  - Saterdag 10 Februarie: Di D (Dalene) Lourens (52) (Selcourt/Springs-Noord) en IJ (Jaco) Vogel (44) (Rooihuiskraal)
  - Sondag 11 Februarie: Ds MS (Marius) Jansen van Vuren (67) (emeritus)
  - Maandag 12 Februarie: Ds PB (Pieter) Viljoen (65) (Alberton)
  - Woensdag 14 Februarie: Prof PM (Pieter) Venter (77) (emeritus) en ds CP (Larry) van der Walt (41) (Oos-Londen)
  - Donderdag 15 Februarie: Ds M (Maritza) Oosthuizen (41) (ampsvoorreg/nie-diensdoende)



Dr Antionette Janse van Rensburg

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen Maandag 19 Februarie** bereik **vir 29 Februarie en 1 Maart** se Kommissievergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- **Gemeente Montana-Oos: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur aan die skriba, oudl Johan Emmenis, by **johan.emmenis@gauteng.gov.za** of kontak hom by 060 546 7438 of vir Susan Schoonbee by 082 411 5464 tydens kantoorure (08:30-12:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is geleë in Kameeldriftweg, Derdepoort, Pretoria (Roodeplaatdam/Kameeldrift-Oos-area).

## Vergaderings

- Vrydag 9 Februarie: Oudit- en Risikokomitee
- Dinsdag 13 Februarie: Bestuurskomitee
- Woensdag 14 Februarie: Opening van die HTK

## Hervormde Teologiese Kollege

- Die **opening van die HTK** vind op **14 Februarie om 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr Thinus van Staden** en **ds Marina Kok-Pretorius** sal 'n referaat lewer oor *'n Ruimtelike perspektief op Boek IV van die Psalms: Herinnering en verbeelding in Psalms 90 tot 92 en Psalms 105 tot 106*. **Dr Thinus van Staden** lewer 'n groeteboodskap **namens die Kuratorium** en **prof Jaco Beyers namens die Fakulteit**. 'n Vingerete word na afloop van die verrigtinge in die saal bedien. Almal is welkom en belangstellendes wat die oggend wil bywoon, moet by Clarika Hattingh – **clarikah@nhk.co.za** – bevestig.

## Kerklike publikasies







- In die **Januarie/Februarie 2024-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** vertel **ds Hannelie Botha** van die ervaring *Om kerk toe te gaan...* in die Verenigde Arabiese Emirate. **Ds Carel Johann de Bruin**, sekretaris van die Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek, deel in *Die kanselkleed (Deel 11)* die totstandkoming van Gemeente Pretoria, die Du Toitstraat-kerkgebou met sy unieke kanselkleed. **Chantal Roux** deel in *Kerkwees in 'n Moslemland* die hartlikheid en gasvryheid van die handjievol Christene wat moeite moet doen om bymekaar te kom as geloofsfamilie in die vreemde. Ten slotte sluit **Mari-lizé Beukes,** voorsitter NHSV Hoofbestuur, af met *Vroue in Wetenskap* en die unieke #SAWiSA-toekenning wat ontvang is deur Leanne Nortjé, doktorale Ingenieurswese-student, Hervormde predikantsdogter en NHSV beurshouer. Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

## ’n Gedig

**hexriviervallei**

hier waar die bloekoms
reeds beenwit begin wys
en die son reeds op die damme
soos op binnelandse sink
en bottelskerwe blink
staan die berge nog brandwag
oor die herfs
van rooi barlinkawingerd
waltham cross en skaam alphonse lavalle
kom die wit reiers van die suide
nog tydsaam in die ploegvoor string
smelt die sneeu nog goedgunstiglik
op die skurwerug
want hier het God op sy jongdag
met die oorskiet van die boland
oor die berg gespring en toe hardnekkig
met die groot karoo begin

**Marlene van Niekerk**
(Uit: *sprokkelster*, 1977)

## Toerusting

- Aansoeke uit Suid-Afrika en Kenia kan nou ingedien word vir die **opleidingsprogramme vir 2024-2025 van die WCRC** (World Communion of Reformed Churches) se Global Reformed Advocacy Platforms for Engagement (GRAPE). Dié wêreldwye inisiatief doen voorspraak vir ekonomiese geregtigheid en die bevordering van vrede, in samewerking met plaaslike kerke. Die **sluitingsdatum vir aansoeke is 11 Februarie 2024**, en die onderhoude met die kandidate op die kortlys sal tussen 20 en 23 Februarie 2024 gevoer word. In-persoon-ontmoetings met die geselekteerde kandidate sal in Johannesburg en Kaapstad plaasvind, en die kandidate moet in staat wees om internasionaal te reis. Meer inligting en die inskrywingsvorm is ***hier*** beskikbaar.

## Barmhartigheid

- **Deurkollekte Sondag 11 Februarie 2024 ten bate van die NHSV Studieleningsfonds.** Die NHSV, as diensorgaan van die Kerk, gee ook aandag aan die groei van Suid-Afrika se belangrikste hulpbron – sy jongmense. Dit is waarom die NHSV Hoofbestuur studielenings toeken vir tersiêre studies in enige studierigting aan studente van die NHKA. Ons ken beurse toe vir merietegevalle sowel as aan studente met besondere prestasies in akademie, kultuur en sport. Die NHSV ondersteun jaarliks tussen 40 en 65 studente wat aan universiteite oral in Suid-Afrika studeer. **Sondag 11 Februarie 2024** kry elke lidmaat die geleentheid om ’n bydrae tot hierdie verdienstelike saak te maak. Deur middel van ’n spesiale deurkollekte in die gemeentes van die Kerk, kan u help om die Studieleningsfonds van die NHSV te versterk.

  Ons dank en waardering aan die Kommissie van die AKV vir volgehoue ondersteuning en vir die goedkeuring om jaarliks die tweede Sondag van Februarie die geleentheid te mag benut om gemeentes te vra om hul deurkollekte af te staan aan die NHSV se Studieleningsfonds.

  Ons is baie dankbaar vir die bedrag van R128 709,94 wat gemeentes bygedra het vir die deurkollekte van Februarie 2023. Danksy die oop hand van gemeentes, is ’n totale bedrag in 2023 van R479 500 toegeken aan 41 aansoekers vir studieleningsfondse, merietebeurse en prestasiebeurse. Die deurkollekte van 2024 gaan, soos in die verlede, ten volle aangewend word vir Studieleningsfondse aan studente in 2024.

Gemeentes moet asseblief die onderstaande bankbesonderhede gebruik vir die deurkollekte se inbetalings:

| | |
|---|---|
| Bank: | ABSA |
| Rekeningnaam: | NHSV Hoofbestuur |
| Rekeningnommer: | 4051454181 |
| Takkode: | 632005 |
| Verwysing: | Gemeente se naam + deurkollekte |

Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning vir ons Kerk se studente!

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Kommentaar

"Baie geluk met 'n heerlike leesstuk elke Donderdag. Ek was veral beïndruk met die *tiener* se skryfstuk. Baie geluk en baie dankie, ds Carel Johann de Bruin. Ek het dit sommer baie geniet! Groetnis, en mag hierdie *tiener* sommer nog lank leef tot hy 'n stokou persoon is." (Elmien Botha)

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

Liewe Heer, ons dra aan U op
elkeen wat nou emosioneel worstel
tydens hul hospitaalverblyf.
Vertroos hulle, Heer,
en gee aan hulle die vrede
wat net U kan bring.
Maak hulle bewus van u teenwoordigheid
sodat hulle kan weet
dat hulle nie alleen is nie.
Omring hulle met liefdevolle en simpatieke mense,
en gee hulle die krag om te volhard.
Ons vra dit in Jesus se Naam.
Amen.

prayray.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |